I N D E P E N D E N T

C O R P O R A T E R E C O V E R Y A D V I S O R S

Independent Trustees (Eiendoms) Beperk (Reg Nr 2002/025164/07)
Blaauwklipkantoorpark Blok 2 Vlak 1 Webersvalleiweg Jamestown
Stellenbosch 7600 (Ook te Randburg)
Posbus 820 Stellenbosch 7599
Telefoon: (021) 880 5400
Internasionaal: (+27) 21 880 5400
Faks: (021) 880 5430
Webadres: www.corprecover.co.za

AAN ALLE BELEGGERS

U Verw:

Ons Verw: **R PIETERS**

Direkte Lyn:

Direkte Faks:

Selfoon:

Direkte E-pos:

Datum: **26 AUGUSTUS 2009**

Geagte Belegger

BIZ AFRICA 1332 h/a KING FINANCIAL HOLDINGS (PTY) LIMITED (IN VOORLOPIGE LIKWIDASIE)
REGISTRASIENOMMER: 2001/00 6894/07
MEESTERSVERWYSINGSNOMMER: C721/2009

1. Ons verwys na die bogemelde aangeleentheid en bevestig dat die maatskappy op 25 Augustus 2009 in finale likwidasie geplaas was deur die Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid Afrika.

2. Die gevolg hiervan is dat die voorlopige likwidateurs ("die likwidateurs") nou kan voortgaan om beheer te neem van die sake van die maatskappy en dan mettertyd van die hele groep van maatskappye waarvan die maatskappy die houermaatskappy was.

3. Die Regter het by die aanhoor van die aansoek om die finale likwidasie van die maatskappy aanbeveel dat al die maatskappye in die groep gelikwideer behoort te word. Die doel van die likwidasie van elke maatskappy is:

   3.1. dat die aangestelde likwidateur in elke maatskappy dan in staat gestel kan word om die sake van elke maatskappy individueel te ondersoek

   3.2. kan bepaal wat die bates en laste van elke maatskappy is.

3.3. elke maatskappy in die Groep op hierdie wyse onder die beheer geplaas word van ‘n persoon of persone wat deur die Meester van die Hooggeregshof aangestel word as likwidateur/s.

4. Bogemelde is in teenstelling met die huidige situasie waar die maatskappye in die Groep leierloos ronddobber sonder dat iemand in werklikheid beheer neem van daardie betrokke maatskappye se sake.

5. Sodra die skriftelike weergawe van die Regter se uitspraak waarna hierbo verwys is beskibaar is sal ons dit op ons webblad beskikbaar maak.

6. Die likwidateurs:

6.1. het intussen beheer geneem van die maatskappy se rekords en inligting.

6.2. sal dan ook mettertyd in oorleg met ‘n regspan en ouditeure die sake van die maatskappy in die fynste detail ondersoek.

7. Hierdie proses het alreeds begin maar dit gaan ‘n tydsame en langduring proses wees om om elke feit na te gaan en inligting te evalueer en vir hierdie doel is daar meganismes beskikbaar in terme van artikels 415 en 417 van die Maatskappyewet om ondervragings te belê waartoe alle rolspelers soos onder andere:

7.1. die direkteure,

7.2. makelaars; en

7.3. beamptes – artikel 414(1) sluit in bestuurders of sekretaris

7.4. iemand van wie dit bekend is of op redelike gronde geglo word dat hy:

7.4.1. in besit is of was van goed van die maatskappy

7.4.2. inligting van die maatskappy of sy sake het

deur middel van getuiedagvaardings ("subpoenae") gedwing kan word om sodanige verrigtinge getuienis by te woon, onder eed ondervra kan word en dokumentasie in te handig. Hierdie proses is net onder likwidasie beskibaar en 'n verdere rede hoekom die likwidasie-proses die enigste wyse is om alles te ondersoek.

8. Die bogemelde proses is beskikbaar vir die likwidateurs van elke maatskappy in die groep om seker te maak dat alle inligting korrek is sodat elke belegger en alle krediteure van die betrokke maatskappy se ware posisie uiteindelik bepaal kan word en dat alle eise deur die maatskappy teen derde partye ook bepaal kan word addisioneel tot die bates (roerend of onroerend) wat die maatskappy mag besit. Eers as hierdie proses voltooi is sal die prentjie vir elke belegger en krediteur duidelik word.

9. Likwidasie beteken dus dat daar op 'n ordelike manier bepaal word welke bates elke maatskappy het en word daar ook op 'n deeglike wyse soos in die Insolvensiewet bepaal wat die laste van so 'n maatskappy is. Die likwidateur is ook gebonde aan prosesse wat in die Maatskappyewet saamgelees met die Insolvensiewet vervat is om die opbrengs van die bates eweredig onder krediteure te verdeel soos wat die wetgewing vereis.

10. Dit is byvoorbeeld moontlik dat daar aan 'n belegger meegedeel is dat 'n belegging teen 'n sekere maatskappy aangeteken is in die groep se boeke maar dat daardie fondse inderdaad belê was in die maatskappy se bankrekening wat dan weer op sy beurt die

geld aan ander maatskappy in die groep geleen het. Sulke gevalle het komplekse regsgevolge en dan mag die eis wat ‘n belegger het moontlik slegs lê teen die entiteit wat die betalings van die belegger ontvang het. Die omstandighede van elke sodanige transaksie moet ondersoek word.

11. Vir die bogemelde redes is dit derhalwe ook nodig dat alle beleggers as ‘n saak van dringendheid ‘n elkeen ‘n eisvorm voltooi wat hulle eis teen die maatskappy aan wie hulle die betaling gemaak het aantoon. Vir hierdie doel sal ‘n afskrif van die brondokument van die betaling, wat gemaak was soos die tjek of die elektroniese oorplasing aan die eisvorm geheg moet word. Die eisvorms, wat op ons webbald beskikbaar is moet dus:

    11.1. Ingedien word teen die maatskappy waarin die belegger die belegging/betaling gemaak het,
    11.2. Besonderhede aantoon van die bedrag wat belê is (sonder rente) en die datum waarop die belegging aangegaan is.
    11.3. deur die belegger onderteken word voor ‘n Kommissaris van Ede en as ‘n aanhangsel daartoe die bewys van betaling ten opsigte van die belegging soos in 11 hierbo genoem, bevat.

12. Die Kommissaris van Ede is onder andere:

    12.1. enige polisieamptenaar,
    12.2. ‘n bank bestuurder,
    12.3. ‘n prokureur; of
    12.4. ouditeur

waartoe die belegger toegang het. Dit is nie nodig dat oorspronklike dokumentasie aan eisvorms geheg word waar sodanige oorspronklikes nie bestaan nie. Afskrifte is voldoende.

13. Beleggers moet ook kennis dra dat daar verskillende partye met uiteenlopende agendas is en wat probeer om “inligting” aan beleggers te gee. Die “inligting” is die meeste van die tyd nie altyd korrek nie en bevat gewoonlik die party wat dit oordra se persoonlike mening.

14. Dit is ook duidelik uit die bogemelde Hofuitspraak dat sodanige partye daarop uit is om beleggers te probeer uitoorlê om met die een of ander skema of “plan” wat deur sodanige partye uitgedink is beleggers te probeer oortuig om daarmee saam te gaan.

15. Daar was byvoorbeeld beweer dat ‘n die likwidasie aansoek geopponeer moes word omdat ‘n reëlingskema of kompromie soos in terme van Artikel 311 van die Maatskappyewet 61 van 1973 (“die Maatskappyewet”) in die vooruitsig gestel word.

16. Daar was ook beweer dat dit slegs gedoen kan word indien die maatskappy nie onder finale likwidasie is nie. Dit is gewoon onwaar aangesien ‘n reëlingskema of kompromie op enige stadium aan die Hof voorgestel kan word. (Daar is baie gevalle waar reëlingskemas twee of meer jaar na likwidasie finale voorgestel en deur krediteure aanvaar was.)

17. Indien die Hof dus oortuig is dat die skema besigheidsin maak, kan die Hof op enige stadium wanneer ‘n aansoek om verlof om vergaderings van skuldeisers (beleggers) te belê gebring word, sodanige vergaderings magtig ten einde die beleggers in staat te stel om enige skema wat aan hulle voorgestel word te oorweeg en vir of teen sodanige skema te stem.

18. Die verkeerde inligting wat as sulks onder beleggers versprei word beteken dat die likwidateurs elke keer van vooraf moet begin om met hordes beleggers te kommunikeer ten einde die inligting reg te stel.

19. Beleggers moet kennis neem van die feit dat die likwidasie proses ingewikkeld is en lank kan duur. Daar is ongeveer 95 maatskappye in die groep. Daar is bates in sommige van die maatskappye wat onder die likwidateur se beheer geneem moet word en ordelik bestuur moet word soos hierbo beskryf.

20. Daar is op ons webblad www.corprecover.co.za die nodige ruimte geskep vir beleggers om hulle vrae aan te teken en om toegang te kry tot verslae wat die vordering in die aangeleentheid op ‘n gereëlde basis sal opdateer.

21. Beleggers wat nie toegang tot die internet het nie kan met ons kantore kommunikeer en sodanige inligting sal op ‘n gereëlde basis per faks of per epos aan beleggers gestuur word.

22. Dit sou egter verkieslik wees indien kommunikasie via die webblad geskied aangesien dit kommunikasie makliker maak weens die feit dat alles elektronies beskikbaar is en daar ‘n volledige rekord van sodanige kommunikasie sal wees.

23. Daar is tans ‘n hulplyn by **021 864 2136** waar persone byderhand sal wees om mense wat probleme het en vrae het van hulp sal wees.

24. Ons verseker beleggers intussen van ons beste diens ten alle tye en hoop om hierdie aangeleentheid tot die mees bevredigende wyse vir elke belegger op te los.

Die uwe
INDEPENDENT TRUSTEES (EDMS) BPK

RYNETTE PIETERS & TREVOR GLAUM

MEDE-VOORLOPIGE LIKWIDATEURS